# DIE GOEIE HERDER

*"Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken."* *(Joh. 10:14)*

**DIE LANGVERWAGTE MESSIAS**

Deur Homself die Goeie Herder te noem het JaHUsha Homself as die Verlosser van Israel verklaar.

Alhoewel die titel "Goeie Herder" net in die Nuwe Testament gevind word, het JaHUsha doelbewus uitgereik na die Ou Testament met hierdie woorde toe Hy besig was om in die teenwoordigheid van Sy dissipels met die **Fariseërs** te praat. Hy wou hulle laat verstaan dat **Hy** die Messias is waarvan die Ou Testamentiese skrifte geprofeteer het, maar die Fariseërs het Hom nie geglo nie.

> Jes. 40:10 Kyk, die Meester JaHUaH sal kom as 'n Sterke, en **Sy ARM** sal **heers**; kyk, Sy loon is by Hom, en Sy beloning is voor Sy aangesig.
> Jes. 40:11 Hy sal **Sy kudde laat wei <u>soos 'n herder</u>**; Hy sal **die lammers <u>in Sy ARM</u> vergader** en **aan sy bors dra**; die **lammerooie sal Hy saggies lei**.

"Sy Arm" verwys na JaHUsha *(vgl. Ex. 14:26, Ex. 15:6, Ps. 98:1, Ps. 139:10, Jes. 51:9 – 10, Jes. 52:10, Luk. 1:51)*. Want as die Seun is Hy die "Uitvoerende Doener" van die Vader se wil *(Joh. 4:34, Joh. 17:4)*.

JaHUaH se "Arm" het vlees geword in Betlehem, 'n landelike dorpie in die eerste eeu sowat 5 myl suid vanaf Jerusalem, waar daar beslis herders met hulle skape in die veld sou wees in die somermaande. Die profeet Miga het dit geprofeteer.

> Miga 5:1 En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan Een wat 'n **Heerser in Israel sal wees**; en Sy uitgange is <u>uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid</u>. *(vgl. Joh. 1:1 – 3)*
> Miga 5:2 Daarom sal Hy hulle prysgee tot op die tyd dat 'n barende gebaar het. Dan sal die oorblyfsel van sy broers saam met die kinders van Israel terugkeer.
> Miga 5:3 En Hy sal optree en **hulle laat wei** in die sterkte van JaHUaH, in die majesteit van die Naam van JaHUaH sy Elohiem; en hulle sal rustig woon, want nou sal Hy groot wees tot aan die eindes van die aarde.

Hierdie Heerser/Leidsman wat as Herder Sy volk sou laat wei is toe gebore in Betlehem wat skaapwêreld was.

> Matt. 2:4 en hy *(Herodus)* het al die owerpriesters en die skrifgeleerdes van die volk bymekaar laat kom en by hulle navraag gedoen waar die Messias gebore sou word.
> Matt. 2:5 En hulle het vir hom gesê: Te Betlehem in Judéa, want so is daar deur die profeet geskrywe:
> Matt. 2:6 En jy, Betlehem, land van Juda, is volstrek nie die geringste onder die vorste van Juda nie, want uit jou sal 'n **<u>Leidsman</u>** voortkom wat vir **My volk Israel 'n <u>Herder</u> sal wees**.

'n Engel (geen mens nie) het toe juis aan **herders** wat in die veld was met hulle skape meegedeel dat die Redder gebore is *(wat <u>nie in Desember sou wees nie</u>, want dan is dit winter en sal herders nie in die nag met hulle skape in die veld wees nie)*.

Luk 2:8  En daar was **herders** in dieselfde landstreek, wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.
Luk 2:9  En meteens staan daar 'n engel van JaHUaH by hulle, en die heerlikheid van JaHUaH het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig.
Luk 2:10  En die engel sê vir hulle:  Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n **goeie tyding** van groot blydskap wat vir **die hele volk** sal wees,
Luk 2:11  dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die **Saligmaker** *(Verlosser/Redder)* wat Messias, **die Meester**, is.

JaHUsha as die Messias is ons Verlosser en ons Meester.

**EK IS**

Toe JaHUsha gesê het:  "**EK IS** … die Goeie Herder" … het dit terselfdertyd ook deel uitgemaak van die verskeie ander plekke waar Hy gesê het:  "Ek is …".

In Joh. 8:58 het Hy dit ook gesê en hier stem dit mens tot diepe nadenke  …

Joh. 8:58  JaHUsha sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, **is Ek**.

John 8:58  … Before Abraham was, **I am**.  *(KJV)*

JaHUsha sê "Ek is" en in Ex. 3:14 het **JaHUaH** na Homself verwys as "**EK IS**".  *(Sien ook:  DIT IS MY NAAM VIR EWIG)*

Ex. 3:14  En Elohiem sê vir Moses: **EK IS** wat **EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur.

JaHUsha het Homself dus met Elohiem as die Almagtige vereenselwig … as die "Goeie Herder", wat beteken dat Hy die Verlosser en geopenbaarde Leier van Israel is.

In Joh. 10 praat hy met die Fariseërs wat in daardie tyd die volk se geestelike leiers was toe diè Hom gevra het of Hy hulle dan sien as blindes (Joh. 9:40 – 41) en Hy het hulle toe verder ook nog vergelyk met "diewe en rowers" wat nie by "deur" van die skaapkraal ingaan nie, omdat hulle Hom nie aanvaar het nie en die mense ooreenkomstig nadelig beïnvloed en beroof het.

Joh. 10:1  Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie **nie** by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van **'n ander kant af inklim**, hy is 'n dief en 'n rower.
Joh. 10:2  Maar hy wat by die deur ingaan, is 'n herder van die skape.
Joh. 10:3  Vir hom maak die deurwagter oop, en **die skape luister na sy stem**; en **hy roep sy eie skape by hulle naam en lei hulle uit**.
Joh. 10:4  En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, **loop hy voor hulle uit**; en **die skape volg hom**, omdat **hulle sy stem ken**.
Joh. 10:5  Hulle sal 'n vreemde nooit volg nie, maar van hom wegvlug, omdat hulle die stem van die vreemdes nie ken nie.

As Goeie Herder is JaHUsha ook die "deur" vir die skape, aangesien Hy Sy lewe afgelê het vir die skape. 'n Grot kon dien as 'n kraal en dan was die bek van die grot die deur. Andersins was daar krale met redelike hoë mure en 'n deuropening. Die herder het homself kwesbaar gemaak deur in die deur van die grot of die kraal te slaap om die skape sodoende te beskerm. So het JaHUsha dan ook Homself opgeoffer deur self die "deur" van die skape te wees.

> Joh. 10:7 JaHUsha het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, **Ek is die deur** van die skape.
>
> Joh. 10:9 **Ek is die deur**; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.
>
> Joh. 10:14 Ek is die **<u>Goeie Herder</u>**, en Ek ken My eie en word deur My eie geken.
> Joh. 10:15 Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en **Ek lê My lewe af vir die skape**.

**HERDERS IN DIE WOORD AS TIPES**

Abel was die eerste herder waarvan ons in die Woord lees (Gen. 4:2). Die aartsvaders van Israel was ook herders. Abraham was 'n skaapherder (Gen. 13:2). Ook Jakob was 'n herder (dink aan hoe hy ryk geword het as Laban se herder vir die vee, Gen. 30:43). Toe Jakob en sy familie na Egipte toe is a.g.v. die hongersnood en om by Josef aan te sluit, was hulle almal skaapherders en het hulle Gosen in die Nyldelta as 'n gebied gekry om in te bly want daar was goeie weiding vir die skape, hoewel die Egiptenare op hulle as skaapboere neergesien het.

Lateraan was eers Moses en toe Josua soos 'n herder vir die volk om hulle uit Egipte na die Beloofde land te lei, want Moses het gevra dat JaHUaH iemand in sy plek **as herder** moes gee om die volk in die Beloofde Land in te lei.

> Num. 27:16 -17 Laat JaHUaH, die Elohiem van die geeste van alle vlees, 'n man oor die vergadering aanstel wat voor hulle uittrek en wat voor hulle intrek, hulle uitlei en wat hulle inlei; sodat die vergadering van JaHUaH nie mag wees **soos skape wat geen wagter** (*shepherd.*[H7462] ) **het nie**.

Josua wat eers Hosea was (maar toe is 'n "yod" by sy naam gevoeg), was die persoon wat Moses toe moes uitsonder as sy opvolger, as iemand na wie die volk moes luister (Num. 27:1 8 – 20) soos wat skape na hulle herder se stem sou luister. Die betekenis van die yod is 'n "arm" 

As 'n tipe van JaHUsha was selfs die spelling van Josua se naam in die Hebreeus dieselfde as JaHUsha s'n as mens dit in ag neem dat vokale nie geskryf was nie (JHUSHA = JaH is verlossing. So … as Herder is JaH verlossing, beide in die O.T. en in die N.T.).

**ELOHIEM SE VOLK WORD AS SKAPE UITGEBEELD**

Jakob as een van die aartsvaders van die volk Israel het gesê dat JaHUaH **sy** Herder was.

> Gen. 48:15 En hy het Josef geseën en gesê: "Die Elohiem voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die Elohiem wat my **as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe** …"

Oor Josef (wat die eersgeborene geword het in die plek van Ruben wat sy pa "se bed beklim het", Gen. 35:22, 1 Kron. 5:1) het Hy gesê dat Hy Josef en diè se nageslag se Herder ook is. Dit behels die volk Israel. Josef beteken: "to gather, to collect, let Him add".

> Ps. 80:2 o Herder van Israel, hoor tog; U wat **Josef soos skape lei**, wat bo-oor die gérubs troon, verskyn in ligglans!

Toe Josef se twee seuns later deur Jakob geseën is, het Efraim wat tweede gebore was, die eerstegeboortereg ontvang en hoe Jakob hulle onderskeidelik geseën het, het gedui op hoe hulle sou ontpop as …

> (1) **die fisiese volk** *(am)* **Israel** deur Menasse en
> (2) **die geestelike Israel** vanuit die nasies *(melo ha goyim)* deur Efraim. *(Sien: DIE OLYFBOOM, DIE SKAPE EN DIE BOKKE, p. 6 - 7)*

So het die Ou Testament bevestig en is dit oor Israel geprofeteer dat Israel van ouds 'n **kudde** was en JaHUaH die Herder daarvan is ...

> Jer 31:10 Hoor die woord van JaHUaH, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak **soos 'n herder sy kudde**.

> Ps. 100:3 Erken dat JaHUaH Elohiem is: Hy het ons gemaak, en ons is Syne, **Sy volk** en **die skape van Sy weide**.

Maar dan bevestig die Nuwe Testament dit dat geestelike Israel nou Elohiem se kudde is …

> 1 Pet. 5:1 Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat 'n mede-ouderling en getuie van die lyde van Messias is, wat ook 'n deelgenoot is van die heerlikheid wat geopenbaar sal word:
> 1 Pet. 5:2 Hou **as herders** toesig oor **die kudde van Elohiem** wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;
> 1 Pet. 5:3 ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as **voorbeelde vir die kudde**.
> 1 Pet. 5:4 En wanneer **die Opperherder** verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.

Ons sien dus dat JaHUaH se uitverkore volk (beide as fisiese en as geestelike Israel), vereenselwig word met skape wat na hulle Herder (JaHUaH/JaHUsha) moet luister. Luister is "shema" in Hebreeus en dit beteken om met aandag te luister met die doel om te gehoorsaam. *(Sien: JONA AS DUIF)*

> Heb. 3:7 Daarom, soos die Afgesonderde Gees spreek: Vandag as julle **Sy stem hoor**,
> Heb. 3:8 **verhard julle harte nie** soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie

**HEERSKAPPY EN HERDERSKAP**

Koningskap of Leierskap is om te "shepherd" en daarmee gaan 'n staf gepaard.

Die profesie oor JaHUsha wat sal kom om te heers was in Ps. 2 en vers 9 word in Open. 12 aangehaal.

Ps. 2:9  U sal hulle verpletter met ‘n **ysterstaf**, U sal hulle stukkend slaan soos ‘n erdepot.

Open. 12:5  En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n **ystersepter** sou **regeer**; en haar kind is weggeruk na Elohiem en Sy troon.

Maar kyk hoe het die Amplified Bible Open. 12:5 vertaal.

Rev. 12:5 … who is destined **to rule** (<u>shepherd</u>) all the nations with a rod of iron…

Hoekom skryf die Amplified Bible “shepherd” in hakies nà “rule”?

Die woord in Grieks vir heers/”rule” is Strong’s G4165:  “poimaino”.   Dit word alternatiewelik vertaal in die Skrif met òf “om te heers” òf “om skape op te pas” en word aangewys met die volgende definisie:

- to feed, to tend a flock, keep sheep.
- to rule, govern

Mens sien dit nie in die Hebreeus van Ps. 2 nie, maar in die Septuagint (wat die Griekse vertaling van die O.T. is wat in die eerste eeu gebruik was) is dieselfde Griekse woord (G4165) in ‘n verbuigde vorm in vers 9 gebruik, nl. “poimaneis”, waar Ps. 2:9 dan sò lees in Engels …

“You shall **tend** them with a rod of iron …”

Dus “**tend**” in Engels of “**versorg, oppas, kyk na**” in Afrikaans.

Die woord “poimaino” (G4165) kom ook voor in Open. 19:15 waar dit daar as “regeer” vertaal is.

Open. 19:15  En uit sy mond gaan daar ‘n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ‘n ysterstaf **regeer** *(G4165 poimaino)* …

“Poimaino” se tweeledige betekenis impliseer dat Hy aan die een kant Sy skape vanuit die nasies sal red en versorg met ‘n herderstaf as hulle Herder, maar aan die ander kant sal Hy as Heerser die nasies wat teen Hom is, in Sy heerskappy met ‘n ysterstaf verpletter en vernietig soos  met roofdiere wat die kudde sou bedreig.

**DIE HERDERSTAF**

‘n Staf was o.a. ‘n simbool vir leierskap en goddelike outoriteit (Ex. 4:2 – 5, 7:8 – 13, 14:16, 17:6, 8 – 13, Num. 17:1 – 8).

Soos wat JaHUaH Israel van ouds as Sy kudde deur die Rooi see gebring het en gelei het na die Beloofde Land onder leiding van Moses en diè se staf, so doen Hy met Sy Nuwe Testamentiese skaapkudde.  Die staf van Moses was indirek ook JaHUaH se staf as ‘n heenwysing oor hoe JaHUsha Sy lewe sou aflê op die folterpaal om diè te red wat Syne is.  *(Sien ook:  <u>DIE BANIER VAN JAHUAH</u>)*

Die staf van die herder was vir die skape bemoedigend want dit het hulle gelei en beskerm.  Daarmee is die skape wat bv. in klowe beland het, opgehys en roofdiere is ook daarmee verdryf.

Vergelyk nou **Moses se herderstaf** met die **ysterstaf** van Ps. 2, Open. 12 en 19, want aan die een kant het dit die volk herderlik droogvoets deur die Rooi See gelei toe Moses sy staf moes uitsteek (Ex. 14:16, 19 - 22) en **aan die anderkant** het dit Farao en die Egiptenare soos 'n "erdekruik verbrysel" in dieselfde Rooi See toe Moses weereens sy staf moes uitgesteek het (Ex. 14:24 – 28).

> Jes. 63:11 Toe het Sy volk gedink aan die dae van die ou tyd, van Moses: Waar is Hy wat **hulle uit die see laat optrek** het saam met **die herder van Sy kudde**? Waar is Hy wat Sy Afgesonderde Gees in hulle midde gegee het?

So dan ook vir die Nuwe Testamentiese Israel en hulle Herder.

> 1 Pet. 2:25 Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die **Herder** en Opsiener van julle siele.

**DIE HERDER LEI DIE KUDDE NA WATER**

Om drinkwater te hê is vanselfsprekend essensiëel vir die skape. Water is lewe. JaHUsha gebruik water as 'n metafoor wanneer Hy verwys na die verlossing wat Hy kom bewerkstellig het wat die ewige lewe behels.

So kom JaHUsha as Verlosser se herderskap vir die laaste keer weer te voorskyn in die laaste bladsy van die Bybel, nl. In Open. 22:16 – 17, vir diegene "wat dors na water" as Hy sê …

> "Ek, JaHUsha, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is <u>die wortel en die geslag van Dawid</u>, die blink môrester. "
> En die Gees en die bruid sê: "Kom"! En laat hom wat hoor, sê: "Kom"! En laat **hom wat dors het**, kom; en laat hom wat wil, **die water van die lewe neem**, verniet.

Hy verwys terug na die profesie in Jes. 55:1.

> Jes. 55:1 o Almal wat **dors** het, **kom na die waters**; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!

Soos toe JaHUsha op aarde was, nooi Hy dus nog steeds die mensdom uit na die water van die lewe wat **opspring** tot **in die ewige lewe**. Dit behels die Gees en die geestelike vir Sy Nuwe Testamentiese kudde.

> Joh. 4:14 maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal **in ewigheid** nooit **dors kry nie**, maar die water wat Ek hom sal gee, sal **in hom word 'n fontein van water** wat **opspring tot in die ewige lewe**.

> Open. 21:6 En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die **dorstige** sal Ek gee **uit die fontein van die water van die lewe**, verniet.

Diè wat van hierdie water drink, is deel van Sy Nuwe Testamentiese kudde wat die ewige lewe van die Hemelse Koninkryk sal beërwe.

**DIE NUWE TESTAMENTIESE KUDDE**

JaHUsha het meegevoel gehad met die skare rondom Hom omdat hulle hulpeloos en verward was soos skape sonder ‘n herder want hulle geestelike leiers het hulle nie die regte koers aangewys nie en so kon hulle ook nie geweet het dat Hy hulle geprofeteerde Herder is nie.

> Matt. 9:36 En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, **soos skape wat geen herder het nie**.

Petrus het later aan **die gelowiges** in JaHUsha gesê dat hulle verdwaalde skape was, maar nou hulle Herder gevind het.

> 1 Pet. 2:25 Want julle was soos **dwalende skape**, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele.

JaHUsha het Sy dissipels gesien as ‘n klein kuddetjie. Hy het geweet dat Hy gevange geneem en gedood sou word en het Sy dissipels gewaarsku dat hulle as Sy skape verstrooi sou word in diè betrokke nag van Sy gevangeneming.

> Matt. 26:31 Toe sê JaHUsha vir hulle: Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe *(Sag. 13:7)*: Ek sal **die herder** slaan, en **die skape van die kudde** sal verstrooi word.

In Lukas het JaHUsha aan Sy dissipels as Sy klein kuddetjie gesê dat dit die Vader se welbehae was om hulle die Koninkryk te gee. Hy het hulle immers voortdurend verduidelik waaroor die Koninkryk van die Hemel gaan en dat Sy koninkryk nie van hier is nie (Joh. 18:36).

> Luk. 12:32 Moenie vrees nie, **klein kuddetjie**, want julle Vader het ‘n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.

Maar daar was ook ‘n opdrag aan hierdie klein kuddetjie soos wat Hy dit aan Petrus gesê het in Joh. 21. Petrus was ‘n ekstrovert en dit was hy wat die eerste een daar by Hermon was om JaHUsha publiek en openlik te verklaar as die Gesalfde (Messias) in Matt. 16:16. Maar toe verloën Petrus hom daarna **drie maal** nadat JaHUsha gevange geneem was (Matt. 26:33 – 35, 69 – 75).

JaHUsha het hom toe later nà Sy opstanding geleentheid gegee om dit reg te stel by die see van Tiberias waar hulle visgevang het. Petrus het uit pure haastigheid om by JaHUsha wat op die strand verskyn het uit te kom, sommer van die boot af in die see gespring (Joh. 21:7). Dit was JaHUsha se derde verskyning aan hulle nadat Hy opgestaan het uit die dood (vers 14). Hy het vir hulle van die vis wat hulle gevang het gaargemaak en nadat hulle klaar geëet het, vra JaHUsha toe vir Petrus **drie maal** of hy Hom liefhet. Nà Petrus se telkens bevestigende antwoord, gee JaHUsha hom toe bevel aangaande Sy kudde.

> Joh. 21:15 Toe hulle dan klaar was met die môre-ete, vra JaHUsha vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, **het jy My waarlik lief**, meer as hulle hier? Hy antwoord Hom: Ja, Meester, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: **Laat my lammers wei**.
> Joh. 21:16 Hy vra hom weer die **tweede** maal: Simon, seun van Jona, **het jy My waarlik lief**? Hy antwoord Hom: Ja, Meester, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: **Pas my skape op**.

Joh. 21:17 Hy vra hom die **derde** maal: Simon, seun van Jona, **het jy My lief**? Petrus het bedroef geword, omdat Hy hom die derde maal vra: Het jy My lief? En hy antwoord Hom: Meester, U weet alles, U weet dat ek U liefhet. JaHUsha sê vir hom: **Laat my skape wei**.

As ons JaHUsha ook liefhet soos Petrus, is dit ook Sy opdrag aan ons.

Ef. 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander **as herders** en leraars,
Ef. 4:12 om die afgesonderdes **toe te rus** vir hulle dienswerk, tot **opbouing van die liggaam van Messias**,
Ef. 4:13 **totdat** ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van Elohiem, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Messias;
Ef. 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;
Ef. 4:15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou **opgroei in Hom** wat die Hoof is, naamlik Messias,
Ef. 4:16 uit wie **die hele liggaam**—**goed saamgevoeg** en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.

Die "hele liggaam" van JaHUsha verwys na geestelike Israel as Sy Nuwe Testamentiese kudde wat beide die Jood en Griek (bedoelende die nasies) insluit.

**HERDERSKAP AS MODEL VIR LEIERS**

Die beeldspraak van 'n herder en sy kudde toon hoedat JaHUsha na Sy volgelings omsien en dit dien ook as 'n model vir menslike leiers wat JaHUsha se kudde moet versorg en oppas, wat 'n persoonlike verhouding behels.

JaHUaH het Moses voorberei om die Israeliete te lei deur hom eers vir 40 jaar as 'n herder in die woestyn te laat skape oppas (Ex. 2 en 3). Dawid was eweneens voorberei vir leierskap deur sy ervaring as 'n herder in die dae van sy jeug.

2 Sam. 7:8 … Ek self het jou geneem uit die weiveld agter die skape weg, om 'n vors te wees oor my volk, oor Israel …

Ps. 78:70 En Hy het sy kneg Dawid uitverkies en hom van die skaapkrale af geneem.
Ps. 78:71 Agter die lammerooie het Hy hom gaan weghaal, om **Jakob**, Sy volk, op te pas en **Israel**, Sy erfdeel.

In Ps. 23 beskryf Dawid dan sy persoonlike verhouding met JaHUaH as diè van 'n skaap tot sy Herder want hy sê pertinent dat JaHUaH sy Herder is.

Toe JaHUsha in Joh. 10 gesê het dat Hy die Goeie Herder is, het Hy ongetwyfeld na Ps. 23 verwys sowel as na al die ander soortgelyke profetiese verse in die O.T.

Ps. 23:1 'n Psalm van Dawid. **JaHUaH is my Herder**; niks sal my ontbreek nie.

> Ps. 23:2  Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
> Ps. 23:3  Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.
> Ps. 23:4  Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.
> Ps. 23:5  U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.
> Ps. 23:6  Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van JaHUaH bly in lengte van dae.

Om 'n goeie leier te wees, is dus dieselfde as om 'n goeie herder te wees.  Dawid se ondervinding van die voortdurende beskerming van sy skape teen roofdiere, het hom bv. die moed gegee om vir Goliat aan te vat.

> 1 Sam. 17:34  Daarop sê Dawid aan Saul:  U dienaar het vir sy vader **die kleinvee opgepas**, en as daar 'n leeu of 'n beer kom en 'n stuk kleinvee uit die trop wegdra,
> 1 Sam. 17:35  dan gaan ek uit agter hom aan en verslaan hom en ruk dit uit sy bek uit;  en as hy my aanval, gryp ek hom aan sy baard en verslaan hom en maak hom dood.

Maar daar is ook ongelukkig slegte herders.  JaHUaH het deur Esegiël geprofeteer teen die leiers van Israel wat slegte herders was.

> Eseg. 34:2  Mensekind, **profeteer teen die herders van Israel**;  profeteer en sê vir hulle, die herders:  So spreek die Meester JaHUaH: **Wee die herders van Israel** wat aan hulleself weiding verskaf! Moet die herders nie die skape laat wei nie?
> Eseg. 34:3  Julle eet die vet en beklee julle met die wol; julle slag die vettes, **maar die skape laat julle nie wei nie**;
> Eseg. 34:4  julle **versterk die swakkes nie** en maak **die siekes nie gesond nie** en **die wat gewond is, verbind julle nie** en **wat weggedryf is, bring julle nie terug nie** en **wat verlore is, soek julle nie**; maar met strengheid heers julle oor hulle en met hardheid.
> Eseg. 34:5  So het hulle dan verstrooid geraak, omdat daar geen herder was nie; en hulle het die voedsel geword vir al die wilde diere van die veld en het verstrooid geraak.
> Eseg. 34:6  **My skape dwaal rond** op al die berge en op al die hoë heuwels; ja, oor die hele oppervlakte van die aarde is my skape verstrooi, sonder dat iemand na hulle vra of hulle soek.
> Eseg. 34:7  Daarom, **o herders**, hoor die woord van JaHUaH:
> Eseg. 34:8  So waar as Ek leef, spreek die Meester JaHUaH, gewis, omdat **My skape 'n prooi geword het** en my skape as voedsel gedien het van al die wilde diere van die veld, omdat **daar geen herder was nie**, en my herders **na my skape nie vra nie**;  en die herders **aan hulleself weiding verskaf**, maar **My skape nie laat wei nie**—
> Eseg. 34:9  daarom, o herders, hoor die woord van JaHUaH!
> Eseg. 34:10  So sê die Meester JaHUaH:  **Kyk, Ek het dit teen die herders**!  En Ek sal **My skape van hulle hand eis** en maak dat hulle **geen skape meer oppas nie**, sodat die herders aan hulleself nie meer weiding sal verskaf nie; en **Ek sal my skape uit hulle mond uitruk**, sodat dit hulle nie as voedsel sal dien nie.

So het Hy toe ook verder geprofeteer en belowe dat Hy Sy skape sou red van die slegte herders wat Hy toe inderdaad kom doen het deur JaHUsha as die Goeie Herder, want JaHU**sha** beteken: "JaHUaH **red**" *("om te red" is "jasha" in Hebreeus)*.

Eseg. 34:11  Want so sê die Meester JaHUaH: Kyk, hier is Ek, en **Ek sal na my skape vra** en **vir hulle sorg**.
Eseg. 34:12  **Soos 'n herder** vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal **Ek vir my skape sorg**; en Ek sal hulle **red** uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid.

Eseg. 34:22  daarom **sal Ek my skape red**, sodat hulle nie meer 'n prooi sal wees nie; en Ek sal oordeel tussen skape en skape.
Eseg. 34:23  En Ek sal **een enkele Herder** oor hulle verwek, en **Hy sal hulle laat wei**, naamlik my kneg Dawid; hy sal hulle laat wei, en hy sal vir hulle 'n herder wees.

Jes. 40:11  Hy sal **Sy kudde** laat wei **soos 'n herder**; Hy sal **die lammers in Sy arm vergader** en aan **Sy bors dra**; die **lammerooie sal Hy saggies lei**.

JaHUsha het gesê dat diè vanuit die Jode wat Hom as Messias aanvaar het Sy skape is, maar dat Hy ook "ander skape" buiten hulle het.  Dit veronderstel **hulle uit die nasies** wat ook na Sy stem sal luister.

Joh. 10:16  Ek het **nog ander skape** wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal **na My stem luister**, en dit sal wees **een kudde**, **een herder**.

Gal. 3:28  Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want **julle is almal een** in Messias JaHUsha.

Vergelyk dan verder Jes. 49:10 met Open. 7:9 waar daar oor hierdie skape van Hom getuig word as die groot menigte **verlostes** uit **alle nasies en stamme en volke en tale**.   Hulle kom uit "**die woestyn van die nasies**".  In die woestyn is daar 'n gedors na water.  Die verlostes is hulle wat nou wit klere aanhet en met palmtakke in hulle hande voor die troon en voor die Lam staan as hulle Herder/Ontfermer.  As die Geslagte **Lam** wat Sy lewe afgelê het vir die skape, is Hy ook hulle **Herder** wat hulle gelei het na die **Lewende waterfonteine**. *(Dis ook interessant dat daar iets soos 28 keer in die boek van Openbaring verwys word na JaHUsha as* ***die Lam****.  Die ondervinding van "om 'n lam te wees" loop uit op JaHUsha as die Goeie Herder wat Sy lewe aflê vir die skape [Jes. 53:6 – 7] en hulle dan lei na die groen weivelde en die water van die lewe.)*

Jes. 53:6  Ons almal het **gedwaal soos skape**, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar JaHUaH het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.
Jes. 53:7  Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; **soos 'n lam** wat na die slagplek gelei word **en soos 'n skaap wat stom is** voor sy skeerders—ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie.

Jes. 49:10  Hulle sal geen honger en geen dors hê nie, en die woestyngloed en die son sal hulle nie steek nie; **want hulle Ontfermer** sal hulle lei en hulle saggies aanbring **na die fonteine van water**.

Open. 7:9  Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n **groot menigte** wat niemand kon tel nie, **uit alle nasies en stamme en volke en tale**; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met **wit klere** en met **palmtakke** in hulle hande;
Open. 7:17  want **die Lam** wat in die middel van die troon is, sal hulle **laat wei** en hulle **na lewende waterfonteine lei**, en Elohiem sal alle trane van hulle oë afvee.

Die wit klere is "stolas" in Grieks en verwys na die klere wat Skrifgeleerdes en Priesters gedra het. Dit het gestrek tot op die voete en is hier in Open. 7:9 'n simbool van hemelse heerlikheid en reinheid, as die klere van die verlostes uit die nasies wat die priesters is van die Hemelse Tabernakel (1 Pet. 2:9).

Hierdie verse verwys na dit wat JaHUsha tydens die Fees van Tabernakels gesê het oor diè wat in Hom sou glo, daarom het hulle hier ook palmtakke in hulle hand.

> Joh. 7:37 En op die laaste dag, die **groot dag van die fees**, het JaHUsha gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand **dors** het, laat hom na My toe kom en drink! *(geprofeteer in Jes. 55:1,3)*
> Joh. 7:38 Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: **strome van lewende water sal uit sy binneste vloei**.
> Joh. 7:39 En dit het Hy gesê van **die Gees** wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Afgesonderde Gees was daar nog nie, omdat JaHUsha nog nie verheerlik was nie.

Ons moet onthou dat JaHUsha sedert Sy hemelvaart "Gees" is (Joh. 14:26). Ons is die skape van Sy weide as ons maar net na Sy stem (Sy Gees) sal luister.

> Ps. 95:6 Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor JaHUaH wat ons gemaak het.
> Ps. 95:7 Want Hy is ons Elohiem, en ons is **die volk van sy weide** en **die skape van Sy hand**. Ag, as julle vandag maar na **Sy stem wou luister**!

**OPSOMMING**

Die Lam (wat Sy lewe gegee het) is ook die Herder en diè wat in Hom opgroei as die Hoof, is Sy kudde as die beeld van wie die Nuwe Testamentiese Israel in JaHUsha is (Joh. 10:7, 9 – 10) en Hy lei Hy ons met Sy herderstaf om Sy wil te doen.

> Heb. 13:20 Mag die Elohiem van die vrede, wat die **groot Herder van die skape**, naamlik ons Meester **JaHUsha Messias**, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,
> Heb. 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om **Sy wil te doen**, deur in **julle te werk** wat welbehaaglik is voor Hom deur **JaHUsha Messias** aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amein.

Aan die anderkant is ons opdrag is dan as volg ...

> 1 Pet. 5:2 **Hou as herders toesig oor die kudde van Elohiem** wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;

Om verder as 'n persoonlike toepassing die simboliek van JaHUsha as Herder en Sy volgelinge/volk as Skape te verstaan, is dit 'n goeie gedagte om na die halfuur lange video van dr. Randall Smith te kyk wat opgeneem is in Israel en saamgestel is deur Kerugma Productions ...

- Ps 23 THE SHEPHERD AND HIS SHEEP

**SLOT**

Wat ons uit hierdie studie geleer het is dat die Seun van die Mens (vanuit Dawid as die herder-koning, se geslagslyn) die Lam is deur wie se bloed ons uit die Egipte van hierdie wêreld gered word en so bevind ons ons dan nou nog in die "woestyn van die volke van hierdie wêreld" waar Hy ons as die Groot Opperherder

as Sy eie skape oppas en lei op hierdie pad na die Beloofde Land van die Koninkryk van die Hemel wat JaHUsha kom verkondig het.

As die Goeie Herder lei Hy Sy skape persoonlik met Sy **herderstaf**, maar einde ten laaste sal alle ander aardse heerskappye wat oppenered is van Hom, deur Hom vernietig word soos erde (aardse) potte wanneer hulle Sy staf dan as 'n **ystersepter** sal ervaar.

So is Elohiem as die Goeie Herder ook die Lam wat die sondes van die wêreld op Hom geneem het en in die boek van die Lam is dan diè se name wat Sy skape is (Open. 13:8).

Diegene wat egter JaHUsha as die Geslagte Lam en as Goeie Herder verwerp, sal einde ten laaste Hom mòèt bely as Meester, maar dan nie as deel van Sy skaapkudde nie. Dit sal 'n droewige dag wees vir diegene.

Daar is nou nog geleentheid om JaHUsha (die Lam geslag vir jou) as jou persoonlike Verlosser en Goeie Herder aan te neem.

> Joh. 6:37 Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en **Ek sal hom wat na My toe kom**, nooit uitwerp nie.
>
> 1 Pet. 5:4 En wanneer **die Opperherder verskyn**, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.
>
> "En ons, U volk en **die skape van U weide**, ons **sal U vir ewig loof**, van geslag tot geslag sal ons U lof vertel."
>
> *(Ps. 79:13)*

0-0-0-0-0

AndriYaH
Augustus 2024